C.R. Swart

As jy al in Roodepoort of in Middelburg gery het, het jy dalk al in C.R. Swartstraat afgery, of dalk is jy in Laerskool C.R. Swart of in Hoërskool Staatspresident C.R. Swart. Hoekom is soveel strate en geboue na dié man genoem? Charles Robberts Swart, oftewel **C.R. Swart**, was 'n advokaat en politikus, die laaste **goewerneur-generaal** van die **Unie** van Suid-Afrika en die eerste staatspresident van die **Republiek** van Suid-Afrika. Hy is op 31 Mei 1961 as staatspresident ingehuldig. [1]

Beginjare

Charles Robberts Swart is op 5 Desember 1894 in die Vrystaat gebore. Sy ouers het 'n plaas met die naam Morgenzon in die Winburg-omgewing gehad. Sy pa se naam was Hermanus Bernardus Swart, en sy ma se naam was Aletta Catharina Robberts. Sy ma het hom "Doempies" genoem, en hy was een van ses kinders.

Hy was net vyf jaar oud toe die Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog) uitgebreek het, en hy is saam met sy ma na die Winburg-konsentrasiekamp gestuur. Een van die kinders is tydens die oorlog dood. Sy pa het in die oorlog teen die Engelse geveg en is tydens een van die **veldslae** gewond en gevange geneem. [2]

Hy het in 1902 op sewejarige ouderdom op Winburg begin skoolgaan. Hy was later 'n leerder aan 'n Christelike Nasionale Onderwys-skool wat gestig is in weerstand teen die beleid van verengelsing by staatskole. [2] Die woord "verengelsing" beteken dat kinders glad nie Afrikaans of Nederlands in skole mag gepraat het nie. Hulle mag net onderrig in Engels gekry het.

Swart was baie slim en het soms sommer twee standerds (vandag se grade) in een jaar afgelê. Hy was net 13 jaar oud toe hy matriek klaargemaak het. [1]

Ná skool

Swart het ná matriek ’n jaar lank in die landdroskantoor op Winburg gewerk. Hy het in 1910 aan die Grey-universiteitskollege gaan studeer en het in 1912 sy BA-graad behaal. Terwyl hy op Ficksburg skoolgehou het, het hy aanhou studeer en was daarna die sekretaris van die Raad van Eksaminatore van die Vrystaatse departement van onderwys. Hy het in 1918 sy LLB-graad behaal, en het weereens akademies uitgeblink met onderskeidings in vyf van sy ses vakke.

Swart is in 1919 as advokaat van die Vrystaatse Hooggeregshof toegelaat en het daarna in Bloemfontein as advokaat gepraktiseer.

Swart besluit om oorsee te studeer en is vir twee jaar na Engeland, Nederland en die Verenigde State van Amerika (VSA). Hy het byvoorbeeld van 1921 tot 1922 joernalistiek in die VSA studeer en daar ’n interessante lewe gelei. [3]

Hy het in 1923 na Suid-Afrika teruggekeer, is as volksraadslid (soos vandag se parlementslede) aangestel en het weer as advokaat gepraktiseer. Hy het ook in hierdie tyd deeltyds klas in landboureg aan die Glen-landboukollege buite Bloemfontein gegee. Dit was ook in hierdie tyd wat hy met ’n mede-Vrystater getrou het. Hy en Cornelia Wilhelmina (Nellie) de Klerk is op 2 Desember 1924 in die eg verbind, en hulle het drie kinders gehad.

Sy lewe daarna was baie polities georiënteerd, maar eintlik was hy al sedert 1914 ’n lid van die Nasionale Party (NP).

> Die 19 volksraadslede van die “Gesuiwerde” Nasionale Party wat nie in 1934 met die Suid-Afrikaanse Party saamgesmelt het om die Verenigde Party te vorm nie.

In 1932 is hy tot volksraadslid vir Ladybrand verkies, en in 1941 tot volksraadslid vir Winburg. Hy het die verskillende politiese trappe geklim en het later die leier van die NP in die Vrystaat geword.

C.R. Swart word as president ingehuldig.

Nadat die NP die nasionale verkiesing in 1948 gewen het, het Swart die nasionale minister van justisie geword en was daarna van 1949 tot 1950 ook die minister van onderwys, kuns en wetenskap. Hy was ook van 1954 tot 1959 die adjunk-eerste minister, so hy het omtrent baie portefeuljes hanteer. Hy is in 1959 tot goewerneur-generaal van die Unie verkies.

Japie Heese, Staatspresident C.R. Swart, en gebiedsleier Piet Geyer, in Bloemfontein, Desember 1963.

Kom ons loer net gou weer na waar die Unie vandaan kom. Ná die Anglo-Boereoorlog het die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand gekom het. Daaronder was die twee voormalige Boererepublieke (Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek) en die Britse kolonies van Natal en die Kaap. Suid-Afrika was egter steeds ’n **dominium** van Brittanje, wat beteken dat dit steeds ’n kolonie van Brittanje was, maar met volle eie bestuur.

Baie Afrikaanse mense was egter nog kwaad ná die oorlog en wou graag totale vryheid van Britse bewind hê. Hulle wou nie meer voel asof hulle **ondergeskik** is nie.

Die kabinet van 1958.

Die NP was ’n groot voorstander daarvan om ’n republiek te word en **burgers** is gevra om vír of téén republiekwording te stem. Daar is vir ’n republiek gestem, en die amp van staatspresident het die amp van goewerneur-generaal vervang.

Interessant genoeg het die Grondwet van die nuwe republiek vir ’n eerste minister (die hoof van die **regering**) en ’n seremoniële staatshoof in die vorm van ’n staatspresident voorsiening gemaak. Die staatspresident is vir ’n termyn van sewe jaar verkies. Daar was dus in daardie tyd ’n eerste minister (Hendrik

Verwoerd van 1958 tot 1966) en ’n staatspresident. Dit het so gebly tot 1984 toe die poste van eerste minister en staatspresident saamgesmelt het.

Swart is op 31 Mei 1961 as staatspresident ingehuldig en het ná ses jaar afgetree. Hy was tot 11 Desember 1967 in dié pos en het daarna op sy plaas, De Aap, gaan bly.

Hy is op 16 Julie 1982 in die ouderdom van 87 jaar oorlede.

Die regering van D.F. Malan.

Werd om te weet

Swart het ook sy stempel as joernalis en skrywer afgedruk. Hy het juis aan die toonaangewende Columbia-Universiteit in die VSA ’n diploma in joernalistiek behaal. Hy het ’n aantal artikels en kortverhale in Afrikaans en Engels vir koerante en joernale geskryf, asook gedigte, liedjies en selfs skoolliedere. Hy het ’n besondere joernalistieke aanleg gehad en is daarom selfs poste as redakteur aangebied. Hy was op die direksie van die Nasionale Pers en die Voortrekkerpers. Hy het ook twee kinderboeke, *Kinders van Suid-Afrika* (1933) en *Die agterryer* (1939), geskryf.

Hy was ’n kranige sportman en in ’n stadium ’n goeie rugbyspeler en skeidsregter. Hy het vir jare klubrugby gespeel en was ook sekretaris van die skeidsregtervereniging. Hy het selfs in die VSA ’n Suid-Afrikaanse sokkerspan afgerig wat toe ’n Chinese span in Wisconsin geklop het!

Kritiek teen Swart

Swart is gekritiseer as gevolg van die rol wat hy gespeel het om ANC-leiers uit die land te verban en die hoogverraadverhore wat tydens sy termyn as minister van justisie plaasgevind het. Hy is ook gekritiseer weens wetgewing wat hy

deurgevoer het wat **kommunisme** onderdruk het. [3]

Sy standbeeld by die Universiteit van die Vrystaat is al deur betogende studente beskadig.

Voor die hoofingang van die polisiekantoor op die C.R. Swart-plein in Durban.

Woordbank

burgers	Lid van ’n stad of staat.
dominium	’n Kolonie van ’n moondheid, maar met volle verantwoordelike bestuur.
goewerneur-generaal	Die verteenwoordiger van ’n koning of koningin as staatshoof van ’n gebied.
kommunisme	Dis ’n ekonomiese of politieke stelsel waarin die staat alle eiendom, industrieë en ekonomiese instellings besit en beheer en daar probeer word om alle mense gelyk te behandel.
ondergeskik	Onder iemand se bevel, van ’n laer rang of afhanklik wees van iemand.
regering	Die bestuur van ’n land.
republiek	’n Regeringsvorm waarby die oppergesag berus by stemgeregtigde burgers.
unie	Die naam van ’n verbond of vereniging. Suid-Afrika was van 1910 tot 1961 ’n unie.
veldslae	Geveg tussen vyandelike magte in die veld. [6]

Lees dié artikels om meer te leer

- **Wie was C.R. Swart?**
- **Meer inligting oor die Winburgkonsentrasiekamp en die begraafplaas**

- **Doodsberig oor Swart in die *New York Times***

Kyk dié video’s om meer te wete te kom

Konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog

Ou beeldmateriaal uit die argiewe toe die republiek begin is

Ou beeldmateriaal uit die argiewe toe die Unie ontstaan het